# GEMEENTEBULLETIN

**28 AUGUSTUS 2020**

STELLENBERG GEMEENTE

## AANLYN EREDIENSTE | SONDAG 30 AUG.

**Oggenddiens vanaf 06:00**

Lukas 14:7-14 | In hoeverre is ek bereid om te help? | Dr. Braam Hanekom

**Gesinsdiens vanaf 06:00**

Lukas 14:7-14 | In hoeverre is ek bereid om te help? | Ds. Hanno Ackerman

**Meditatiewe diens vanaf 06:00**

Lukas 14:7-14 | Die fyn kuns van onthaal | Ds. Philipp Dietmann

**Relevant-diens om 18:00**

Ds. Hanno Ackerman

**KYK** aanlyn Sondagoggend vanaf 06:00 en enige tyd daarna na die opnames van die eerste drie eredienste op www.stellenberg.co.za, of op die Youtube-kanaal. Die Relevant-diens word om 18:00 direk uitgesaai via www.stellenberg.co.za.

**LUISTER** na die klankbaan van die oggenddiens op die webwerf.

**LEES** die geskrewe oggenddienspreek op die webwerf.

## NUWE BYBELSKOOLREEKS

Die leraars in die Ring van Durbanville en Kraaifontein bied saam 'n Bybelskoolreeks aan. Die tema is: Hoe om die Bybel gelowig en denkend te lees. Die boek *Die Bybel in fokus* geskryf deur Louis Jonker, Jan Botha en Ernst Conradie, word tydens die kursus behandel. Ds. René Potgieter bied die eerste sessie aan.

Kyk gerus na die sessies wat op die gemeente se webwerf beskikbaar is. Gaan na www.stellenberg.co.za en kliek op die Bybelskool-blokkie. Die video-opnames is op die blad beskikbaar.

### STELLENBERG BYBELSKOOL

Die volledige Bybelskoolreeks oor Paulus se vroeë lewe, sy radikale bekering en sy bediening wat daarop gevolg het, is nou aanlyn beskikbaar. Besoek www.stellenberg.co.za en kliek op die Bybelskool-blokkie op die tuisblad om na die ses opnames te kyk.

### HULP@STELLENBERG.CO.ZA

Indien jy hulp (fisies of geestelik) benodig tydens die inperking, of graag hulp wil aanbied, stuur asb. 'n e-pos aan bg. adres of kontak ons leraars telefonies.

## SPESIALE DOOPGELEENTHEDE

Spesiale doopdienste vir ouers wat graag hulle babas tydens die grendeltyd wil laat doop, sal gereël word. Indien jy 'n lidmaat van die gemeente is en jou baba in dié tyd wil laat doop, kontak asb. vir Odette by odette@stellenberg.co.za.

## DAAGLIKSE GEESTELIKE STEMBOODSKAPPE

Die daaglikse geestelike dagstukke wat op die webwerf en die gemeente se Facebookblad beskikbaar is, kan nou ook as 'n stemboodskap wat deur leraars opgeneem is, geluister word.

Indien jy graag na die daaglikse boodskap (stemopname) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp met jou *naam + stemboodskap* na 083 611 4720.

Jy sal dan op die verspreidingslys geplaas word en die stemboodskap daagliks op jou selfoon ontvang. Geen gemorspos nie.

## ANNIBRAND SENIOR-GROEPE

Graadgroepe kry nou afwisselend op Sondae die geleentheid om eredienste en kategese-kleingroepe in die kerk by te woon.

Die graad 10-groep is Sondag 30 Augustus aan die beurt. Die groep word uitgenooi om die erediens in die kerk by te woon. Die diens word vanaf 17:30 met musiek en geleentheid vir aanbidding voorafgegaan. **Vanaf 18:00 word die diens direk via die Relevant YouTube-kanaal uitgesaai** sodat almal kan inskakel. Na die diens, teen 18:45, sal die kategese-aanbieding ook interaktief in die kerk aangebied word en alle graadgroepe kan deur *The Talk*, beskikbaar op relevantcommunity.co.za, by die aanlyn bespreking inskakel.

## BELYDENISAFLEGGING OP 6 SEPTEMBER

Op Sondag 6 September gaan sewe jongmense hulle geloof tydens die Relevant-diens om 18:00 in die kerk, bely. Daar word volgens die vlak 2-regulasies van inperking 50 mense in die kerkgebou toegelaat. Die jongmense wat belydenis aflê, gaan saam met hulle ouers die erediens in die kerk bywoon. Familie en vriende word uitgenooi om na die direkte uitsending van die diens om 18:00 via www.stellenberg.co.za te kyk.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar by 082 854 4530.

### STELLENBERG-GEMEENTE

www.stellenberg.co.za

**Kerkkantoor**

021 976 4519

navrae@stellenberg.co.za

**Straatadres**

h.v. Moutain Viewrylaan en Edelweissweg, Eversdal, 7550

## TERUGVOER VAN DIE KERKRAADSVERGARRING

Dit was voorwaar vreemde omstandighede waarin die kerkraad die afgelope week saam besin het oor die pad vorentoe. Ons het met maskers en volgens al die regulsasies in die grootsaal byeengekom en sommige lede het deur Zoom ingeskakel. Ons kon terugkyk op die afgelope maande en saam die Here se seën vir ons as gemeente in die geheel vier, maar ook stilstaan by die verskeie mooi en positiewe ervarings wat die gevolg was van inisiatiewe wat die leiergroep van stapel gestuur het.

Een van die belangrikste vrae waaroor dié groep onder meer besin het, was: Wat sou die "hart van die Here" vir ons as gemeente oor die langtermyn, maar meer spesifiek vir die volgende ses tot twaalf maande moet wees? Enkele van die opmerkings en waarnemings:

- Die groep is besonder positief oor die impak wat die kerk steeds op die samelewing het en ook die rol wat die gemeente steeds kan speel.
- Nuwe en veranderende omstandighede verg vlugvoetigheid en aanpasbaarheid.
- Die behoefte aan onderlinge gemeenskap is 'n wesenlike deel van kerkwees en daar moet kreatief te werk gegaan word om daaraan uiting te gee.
- Die ideaal is dat lidmate "eienaarskap" neem en waarlik Stellenberg as hul geestelike tuiste beskou. Daarom is die vorming van onderlinge netwerke baie belangrik.
- In dié tyd moet daar nie te ver vooruitbeplan word nie, maar eerder op korttermyn en planne moet na gelang van omstandighede aangepas kan word.

Dan sommer 'n terloopse opmerking. Ek is al ongeveer 23 jaar in die gemeente werksaam en sover ek kan onthou, was dit die eerste kerkraadsvergadering waar daar 'n 100% bywoning was. Dit getuig voorwaar van 'n toegewyde en lojale leiergroep!

### NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

- Ontvang die bulletin weekliks, asook die skakels na eredienste per e-pos deur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Sluit by die WhatsApp-groep aan om die bulletin en die skakel na die oggenddiens op jou selfoon te ontvang deur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720 te stuur.

### GEBEDSVERSOEKE

Stuur jou gebedsversoeke (anoniem indien jy dit verkies) na navrae@stellenberg.co.za.

## FINANSIËLE BYDRAES

Ons bly opreg dankbaar teenoor elke lidmaat wat steeds finansieel tot die gemeente se werksaamhede bydra. Die kerkraad beskou rentmeesterskap as een van hulle grootste verantwoordelikhede en in die lig daarvan word deeglike besinning rakende alle spandering toegepas.

### Debietorder

Laai die aansoekvorm van die webwerf af.

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening

145 058 0011, takkode 632005.

### SnapScan


### Kontantbydraes – plaas in die posbus


Kontantbydraes kan by die kerkkantoor afgegee word, of in die beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor geplaas word.

### Voedselhulp

Indien jy tot die uitgebreide voedselbediening wil bydra, kan jy 'n elektroniese oorbetaling na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, maak. Gebruik *hande en rande* as verwysing.

## BANKKOLLEKTES EN DANKOFFERS




### ZOOM GEBEDSBYEENKOMS

Dinsdagaand om 18:30. Skakel via *ZOOM* by ons weeklikse gebedsbyeenkoms in. Almal is baie welkom om deel te neem. Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za of rene@stellenberg.co.za sodat ons die skakel na die byeenkoms vir jou kan e-pos.

### AANLYN ADVERTENSIEBLAD

In die Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za word produkte, huishoudelike dienste, onderrigdienste, dienste in die leefstyl- en skoonheidsbedryf, woonplekke, werksgeleenthede, asook gesondheidsdienste geadverteer. Advertensies sonder 'n foto kan teen R50 per maand geplaas word en die met 'n foto teen R100 per maand. Stuur 'n epos aan sanel@stellenberg.co.za.